



NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
AANVULLINGSEKSAMEN – MAART 2019

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B Opsomming (10 punte)
Afdeling C Poësie (30 punte)
Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)
 3. Beantwoord al die vrae.
 4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
 6. Nommer jou antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genummer is.
 7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
 8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
-

AFDELING A LEESBEGRIP

VRAAG 1 INTERNETARTIKEL

Klop "fomo"! Jy kan!

1. Is jy verslaaf aan sosiale media? Hoekom?
2. Jou ma wil hê jy moet tuisbly om te help kaste regpak. Jy spring dan maar so brom-brom aan die werk ... Jy's sielsongelukkig omdat jy nie saam met jou vriende kan uitgaan nie.
3. Maar elke paar minute loer jy op jou selfoon om te sien wat jou pelle aanvang. En dan is jy weer van voor af kwaad, want hulle geniet die lewe gate uit. As jy 'n tipiese tiener is, spandeer jy baie tyd op sosiale media. Maar het jy so 'n obsessie daarmee dat jy jou gesin ignoreer as julle saam in 'n restaurant kuier?
4. Dan is "fomo" – die vrees om op iets uit te mis (fear of missing out), besig om jou lewe oor te neem. "Fomo" beteken ook dat jy dink ander mense se lewens is interessanter of beter as joune. Jy wonder dalk ook hoekom jy nog net 5 "likes" vir jou jongste FB-plasing gekry het. Of hoekom niemand kommentaar lewer op die oulike prentjie wat jy gedeel het nie?
5. Ag nee wat, dis hoogtyd om van "fomo" ontslae te raak. Volg net hierdie maklike wenke:

(a) **Beperk jou skermtyd.**

Om jou selfoon by die huis te laat, voel asof jy 'n ledemaat agter gelaat het. Vat dus maar jou foon saam, maar probeer om dit vir 30 minute te ignoreer. Ignoreer dit die volgende dag 'n uur lank, en 'n uur en 'n half die volgende dag – totdat jy gewoon raak daaraan om dit minder te gebruik. Jy sal uitvind dat jy meer tyd het om ander dinge te doen wat jy geniet.

(b) **Wees realisties.**

Al begeer jy elke uitrusting wat die Kardashians op sosiale media aanhet, is die werklikheid dat jy dit nooit sal kan kry nie. Moenie jouself onder druk plaas nie.

(c) **Wees rustig.**

Aanvaar jy kan net een ding op 'n slag doen – en respekteer die mense rondom jou deur hulle jou volle aandag te gee. Ons leef in 'n dol en besige wêreld. As jy nie haastig op pad na 'n sportoefening is nie, doen jy huiswerk. Soms moet jy net 'n blaaskans neem. Neem tyd om te fokus op dit wat jy in 'n gegewe oomblik doen – of dit nou eet, studeer, kuier of klets is. Leef vir die oomblik.

(d) **Doen wat saak maak.**

Jy moet bepaal wat vir jou belangrik is en jou prioriteite agtermekaar kry. Maak dit saak dat jy nie by die partytjie van die jaar gaan wees nie? Of maak dit van jou 'n beter mens deur eerder jou ouers te help met die voorbereiding vir die familiebraai?

(e) **Wees dankbaar.**

Sosiale media help ons om bande met vriende en familie te behou. Dit gee ons ook 'n kykie in ander mense se lewens, maar onthou dit is nie regtig 'n ware weerspieëling van wat regtig aangaan nie. Mense deel gewoonlik net goed wat hulle wil hê ander mense moet sien – daardie goed wat hulle en hul lewe wonderlik laat lyk. Wees dankbaar vir wat jy het en hou op om jou lewe met ander se lewens te vergelyk.

6. Daar het jy dit nou! Wees dapper en neem die groot stap om sosiale media se baas te wees en nie andersom nie.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 9 September 2016]

- 1.1 **Haal een voorbeeld** van stereotipering uit paragraaf 3 aan. (1)
- 1.2 **Noem een nadeel** van sosiale media as jy saam met jou gesin uitgaan. (1)
- 1.3 Verduidelik in **jou eie woorde** wat "fomo" is.
Moenie net die vertaling gee nie. (1)
- 1.4 Hoe kan jy vir mense om jou wys dat hulle vir jou saak maak en dat jy vir hulle respek het? (1)
- 1.5 **Haal een woord** uit die teks aan om te wys dat tieners se lewens mal en bedrywig is. (1)
- 1.6 *Sosiale media bring ons onder die verkeerde indruk van wat in ander mense se lewens aangaan.*
- 1.6.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.6.2 Haal uit die teks aan om jou antwoord te bewys. (1)
- 1.7 **Gee 'n voorbeeld uit die teks** van waar tieners moontlik groepsdruk kan beleef. (1)
- 1.8 "*Soms moet jy net 'n blaaskans neem*", beteken:
- A Jy moet jou asem uitblaas.
- B Jy moet meer kans in die lewe neem.
- C Jy moet tyd vat om te rus.
- Skryf slegs die korrekte alfabetletter langs die vraagnommer neer. (1)
- 1.9 Waarom is die woorde "sosiale media" ironies?
Fokus op die betekenis van die woord "sosiale". (1)

[10]

VRAAG 2 INFOGRAFIEK

Sharkspotters se veiligheidswenke



Praat altyd met die haaikyker wat aan diens is oor die onlangste haaiaktiwiteit.



Gee altyd aandag aan die haaisirene of -kyker en -vlae.



Moenie in die aand swem of wanneer die haaikykers van diens af is nie.



Moenie swem wanneer jy beseer is of bloei nie.



Hou 'n oë op visse, dolfyne en robbe.



Moenie met blink juweliersware of skerp kontrasterende kleure swem nie.



Moenie alleen swem nie, swem in 'n groep.



Bly in vlak water of water wat tot by jou middel kom.

[Bron: <grafika24.com>]

- 2.1 Gee 'n rede, volgens die teks, waarom dit gevaarlik is om in die aand te swem. (1)
- 2.2 Kies die korrekte antwoord deur slegs die alfabetletter neer te skryf:
- "Hou 'n oë op visse, dolfyne en robbe", beteken:
- A Jy moet na die visse, dolfyne en robbe se aksies kyk.
B Jy moet die visse, dolfyne en robbe se ogies bestudeer.
C Jy moet die visse, dolfyne en robbe probeer vang. (1)
- 2.3 Hoekom is dit nie 'n goeie idee om te swem as jy bloei nie? (1)

2.4 Noem twee maniere hoe die haaikyker die mense laat weet as daar 'n haai is. (1)



[Bron: <sharkspotters.org.za> en <grafika24.com>]

2.5 Haal 'n woord uit die infografiek aan wat wys dat haaikykers **effektief** is. (1)

2.6 Wanneer sal 'n veilige tyd wees om by Clovelly strand te swem? (1)

2.7 Wat moet jy nie doen nie as jy 'n wit vlag op 'n strand sien? (1)

2.8 Wat is die doel met die haaikykersprogram? (1)

2.9 *Haaikykers se werk is om jou ten alle tye veilig te hou.*

2.9.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.9.2 Haal 'n sin aan om jou antwoord in Vraag 2.9.1 te motiveer. (1)

[10]

VRAAG 3 SPOTPRENT



[Bron: Die Burger, 10 Januarie 2018]

- 3.1 Hoekom is daar so 'n lang ry by die kantoor? (1)
 - 3.2 Beskryf Persoon B se gesigsuitdrukking. (1)
 - 3.3 Benoem die twee items wat Persoon A op sy kop het. (2)
 - 3.4 Wat is Persoon C besig om te doen? (1)
 - 3.5 Wat probeer die man agter die lessenaar vir Persoon A met die volgende woorde sê: "Boet, wag vir die dag dat jy vir werk aansoek doen"? (1)
 - 3.6 Wat is waarskynlik in die koeverte wat Persone B en D vashou? (1)
 - 3.7 By watter instansie/plek bevind al hierdie mense hulle? (1)
 - 3.8 Voltooi die volgende sin: Die twee dames in die kantoor lyk baie 3.8.1 (busy) ..., want hulle 3.8.2 (smile) ... nie eers nie. (2)
- [10]**

30 punte

AFDELING B OPSOMMING

VRAAG 4 ONDERHOUD

- Bestudeer die onderstaande teks.
- Som dan die 5 leerders se opinies oor hulle boeke puntsgewys in jou eie woorde op.
- **Noem watter boeke hulle gelees het en sê waarom hulle van die boek gehou het.**
- Begin elke keer met die leerder se naam in jou opsomming.
Bv. Daisy het ...
- Jou opsomming moet 70 woorde lank wees.

ONTHOU:

- Skryf 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie direk uit die teks aanhaal nie.
- Jy sal gepenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- **Elke hoofpunt moet slegs 'n sin bevat met die boek wat die leerders gelees het en waarom hulle van die boek gehou het.**
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

Onderwyser: Julle moes 'n boek hierdie jaar op julle eie gelees het. Vandag gaan ek julle vra watter boek julle gelees het en wat julle van die boek gedink het.

So, Daisy, vertel vir ons wat jy gelees het en hoe jy oor die boek voel.

Daisy: Die boek wat ek gelees het, was *Lien se langstaanskoene*. Lien was 'n inspirerende hoofkarakter. Ek het dit gelees want dit is deur dieselfde skrywer wat ons voorgeskrewe boek, *Hoopvol*, geskryf het.

Onderwyser: Goeie keuse. Mehlo wat het jy gelees?

Mehlo: My keuse was *Willem Poprok*, want my vriend het my vertel die boek gaan oor rugby. Al was dit nie net oor rugby nie, het ek dit geniet, want dit wys dat daar niks verkeerd met kunstige seuns is nie.

Onderwyser: En jy is mos mal oor rugby. En jy Zaria?

Zaria: Ek het 'n liefdesverhaal, *Bewustelik joune*, deur Elsa Winckler, gelees, want ek het so pas uitgevind die liefde is wonderlik en dis al waaraan ek kan dink. Elsa verstaan die liefde en beskryf dit so akkuraat.

Onderwyser: Dankie Zaria. Michael en jou boek?

Michael: Ek het *Koors* deur Deon Meyer gelees. Dit is wonderlik om oor jou eie land te lees en plekke te herken wat beskryf word.

Onderwyser: Dit klink interessant! Mbali en jy?

Mbali: Soos almal in die skool weet, is ek mal oor lees. Ek het baie boeke gelees maar my gunsteling was *Raaiselkind* deur Annelie Botes. Dit is 'n verhaal oor outisme met twee onvergeetlike vrouekarakters wat my van die begin af aangegryp het.

10 punte

AFDELING C POËSIE

VRAAG 5 GESIENE GEDIG

strelitzia – Annie Klopper

1 dit was reeds te laat vir verskonings maak
2 toe mevrou Susan van Breda – enkele sekondes
3 nadat sy die oggend om stiptelik seweur
4 met 'n lang sigaret
5 tussen gladde naels agter die stuur
6 van haar luukse sedan ingeskuif het –
7 skielik
8 geskok
9 na die linkerkant van haar simmetries
10 geplaveide siersteenoprit staar

11 dit was reeds te laat vir verskonings maak,
12 ja,
13 maar
14 dalk
15 indien sy nie so besig was om
16 (met die staar saam)
17 aan verskonings te dink nie
18 sou sy dalk ten minste redes kon kop
19 waarom haar seun haar strelitzia
20 stukkend sou wou skop

[Bron: *Toulopers*, LAPA Uitgewers, 2012]

- 5.1 Waarvan is die "strelitzia" in die gedig 'n simbool? (1)
- 5.2 **Noem een voorbeeld** uit die gedig wat wys dat Susan van Breda van orde hou. (1)
- 5.3 Identifiseer die verstegniek wat in reëls 7 en 8 gebruik word. (1)
- 5.4 Kies die korrekte antwoord.
- Skryf slegs die vraagnommer en die alfabetletter neer.
- In reëls 1 en 11 kry ons 'n voorbeeld van:
- A metafoor
B herhaling
C hiperbool
D personifikasie (1)
- 5.5 Watter karaktereienskap van Susan van Breda word beklemtoon deur haar "mevrou" in die gedig te noem? Noem net een. (1)

- 5.6 5.6.1 Identifiseer die rympatroon wat in die gedig gebruik word. (1)
- 5.6.2 Waarom is die rympatroon geskik vir hierdie gedig? (1)
- 5.7 Wat beteken dit om iets te "kop"? (1)
- 5.8 5.8.1 Watter emosie word deur die seun se aksie uitgedruk toe hy die blomme skop? (1)
- 5.8.2 Hoekom het hy hierdie emosie ervaar? (1)
- [10]**

VRAAG 6 GESIENE GEDIG

Daarom – Ina Stander

- 1 My profiel
2 is 'n spieëlskrikker,
3 my vel 'n dermatoloog se droom,
4 my arms en bene misliklank in die pad,
5 my bolip se dons bleek.
6 Tussen meisies: die groot krater.
- 7 Daarom antwoord ek nie
8 met my deurslaanstem nie,
9 kruip ek eerder onder my kuif
10 (ononderhandelbaar) weg
11 en oefen ek agteraf
12 my afsakbroek-stap.
13 Daarom bid ek die tyd om.
- 14 Intussen donder ek deure toe.

[Bron: *Toulopers*, LAPA Uitgewers, 2012]

- 6.1 Watter tipe spreker word in hierdie gedig aangetref? (1)
- 6.2 Verduidelik die *woordspeling* in die woord "spieëlskrikker". (1)
- 6.3 Watter **verwagting** word by die leser geskep as ons na die **denotasie** van die gedigtitel, "Daarom", kyk? (1)
- 6.4 Waarom kan reël 3 as ironies en sarkasties beskryf word? (1)
- 6.5 Kyk na die stelling in reël 6: "*Tussen meisies: die groot krater.*"
Verduidelik wat "die groot krater" beteken. (1)
- 6.6 "*Daarom bid ek die tyd om*" – na watter tyd verwys die spreker hier? (1)
- 6.7 Kies die korrekte antwoord en skryf die alfabetletter langs die vraagnommer neer:
"(ononderhandelbaar)" in reël 10 is 'n voorbeeld van ...
A onomatopee
B alleenplasing
C parentese (1)
- 6.8 Noem twee fisiese veranderings wat die spreker negatief oor homself laat voel.
Antwoord in jou eie woorde. Jy mag nie uit die gedig aanhaal nie. (2)
- 6.9 Wat word gesuggereer deur die gebruik van die meervoud "deure" in die reël:
"*Intussen donder ek deure toe.*" (1)

[10]

VRAAG 7 ONGESIENE GEDIG

Woorde – Vincent Oliphant

- 1 my woorde het nie die krag
2 om bese magte tot 'n val te bring nie
3 my woorde kan bloot sing
- 4 my woorde is nie 'n dak
5 om onder te skuil nie
6 my woorde is swak
- 7 my woorde kan nie keer
8 dat ons die kromme note haal nie
9 my woorde is kaal
- 10 glo tog
11 my woorde het nie die byt
12 van koeëls en grofgeskut nie
13 nee
14 my woorde kan bloot bid
15 en pleit
16 en wens
17 medeburgers van die lewe
18 dat ons van grense sal vergeet
19 en bloot mens sal wees
20 en medemens

[Bron: *Die sagte vlees*. Tafelberg Uitgewers, 1998]

- 7.1 7.1.1 Noem **twee dinge** uit die gedig wat die spreker se woorde nie kan doen nie. (2)
- 7.1.2 Haal **vier werkwoorde** uit die gedig aan om te wys wat die digter se woorde wel kan doen. (2)
- 7.2 Hoekom is daar geen hoofletters in die gedig nie? (1)
- 7.3 Identifiseer die beeldspraak in die volgende reël:
 "*my woorde is kaal*". (1)
- 7.4 Hoekom word "my woorde" so baie in die gedig herhaal? (1)
- 7.5 Haal 'n **versreël** uit strofe 1 aan met 'n voorbeeld van **personifikasie** daarin. (1)
- 7.6 Haal **een woord** uit strofe 3 aan wat dieselfde betekenis as "stop" het. (1)

7.7 Kies slegs die korrekte antwoord deur die vraagnommer en alfabetletter neer te skryf.

Die digter probeer die waarheid/werklikheid sagter stel; ons noem dit:

- A Personifikasie
- B Eufemisme
- C Onomatopée
- D Alleenplasing

(1)
[10]

30 punte

AFDELING D TAALVAARDIGHEID

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Bestudeer die spotprent en skryf dan die sinne oor soos aangedui:



[Bron: *Die Burger*, 31 Desember 2013]

8.1 Die seun sê dat hy 'n zebrajie agter sy pa sien.

Die seun sê "..."

(1)

8.2 Het die pa al omgekyk?

Nee, ...

(1)

8.3 Die pa begin mooi foto's in die wildernis neem.

Laas keer ...

(1)

8.4 Die seun moet sy pa waarsku om versigtig te wees.

Die seun behoort ...

(1)

8.5 Die pa neem mooi foto's sodat hy aangename herinneringe kan hê.

Die pa neem mooi foto's om ...

(1)

- 8.6 Die seun moet vinnig vir die pa in die wildtuin waarsku.
Die pa ... (1)
- 8.7 Die seun weet nie dis 'n leeu nie. Hy moet baie versigtig wees.
Die seun weet nie dis 'n leeu nie; daarom ... (1)
- 8.8 Die seun se woordkaart is verkeerd en sal verwarring veroorsaak.
Verlede jaar ... (1)
- 8.9 Die seun is nie bang nie. Die seun wys na die leeu agter sy pa.
Die seun wat ... (1)
- 8.10 Die seun het nie 'n bang haar op sy kop nie.
Volgende keer ... (1)
- 8.11 Die seun vra: "Pa, kan ek 'n klein leeutjie kry?"
Die seun vra sy pa ... (1)
- 8.12 Die leeu lyk nie vriendelik nie; daarom moet die pa versigtig wees.
Aangesien ... (1)
- [12]**

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Bestudeer die prent en lees dan die paragraaf wat daarop gebaseer is. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord in jou antwoordboek neer.



[Bron: *Die Burger*, 7 September 2016]


Die 9.1 (skok – gee die korrekte verlede deelwoord) skoolhoof weet nie dat dit 9.2 (Woensdag – gee die afkorting) is en die graad 9-leerlinge met wetenskap besig is nie. Die leerlinge het hulle 9.3 (vaal – gee die intensiewe vorm) geskrik toe daar 9.4 (smoke – gee die korrekte Afrikaanse woord) by die vensters uitborrel. Die insident het om en by 9.5 (15:00 – skryf uit in woorde) gebeur en niemand 9.6 (ken/weet) wat gebeur het nie. Die leerders doen 9.7 (elke week – gee een woord) so 'n eksperiment, want die skool hou daarvan om vir die kinders so veel as moontlik 9.8 (geleentheid – gee die meervoud) te gee om te eksperimenteer met die toerusting. Die seun se 9.9 (das – gee die verkleining) met 'n skoolwapen 9.10 (op + dit – gee een woord) waai in die wind, want hy hardloop weg van die vuur wat in die agtergrond brand. Die skool sal moet besluit

IEB Copyright © 2019 BLAAI ASSEMBLIEF OM

of hulle **9.11 (laat – gee die vergrotende trap)** die ouers sal vertel wat hier gebeur het. Hulle **9.12 (gebou – gee die verkleining)** gaan nooit weer dieselfde wees nie en hulle sal baie **9.13 (brandweerman – gee die meervoud)** nodig hê om die vuur te blus. Dit is 'n **9.14 (lewe + gevaarlike – gee die samestelling/gee een woord)** situasie waarin almal hulle bevind het en die skoolhoof se opmerking was seker die **9.15 (snaaks – gee die oortreffende trap)**, maar niemand het na **9.16 (hy/sy/hom – kies die korrekte voornaamwoord)** geluister nie.

[16 × ½ = 8]

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE



[Bron: <<https://virgool.io/@shakiba9>>]

Jou hoërskoolloopbaan is verby. Jy besef dat jy deur elke fase van jou lewe gegaan het. Lees die inligting hieronder, wat op die prentjie gebaseer is, deeglik deur.

- Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer net die woorde neer van die persoon wat praat.
- Elke respons moet tussen 15 en 20 woorde lank wees.

- 10.1 Jy het **simpatie** met die Kleuter (A) omdat sy lewe nog voor hom lê. Wat sal jy vir hom sê om te wys dat jy vir hom **jammer** voel? (2)
- 10.2 Jy sien die seuntjie met 'n sokkerbal en onthou van die keer toe jy so **bang** was voor 'n sokkerwedstryd. Vertel die seun van die sokkerwedstryd. (2)
- 10.3 Die Seun (C) is in graad 8. Wat sal jy vir hom sê oor hoe jy in graad 8 oor die hoërskool **gevoel** het en waarna hy kan **uitsien**? (2)
- 10.4 Seun (C) kyk met **groot bewondering** na Seun (D) wat so pas graad gekry het. Hy besluit om **hulp** te vra met sy vakkeuses. Skryf neer wat Persoon C vir Persoon D vra. (2)
- 10.5 Persoon (E) **nooi** vir Persoon (D) **uit** om vir 'n **onderhoud** by sy maatskappy te kom. Skryf neer wat Persoon (E) vir Persoon (D) sê. (2)

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte